HOOFSTUK 5

# 5. DOWNSINDROOM IN DIE HIËRARGIE VAN VERSTANDELIKE EN GEESTELIKE VERTRAAGDHEID

## 5.1 Inleiding

Tot 1 April 1975 het alle dagsentrums op privaatgrondslag[x)] gefunksioneer. Die gevolg hiervan is dat die klem in baie gevalle op blote versorging ge= val het. Geluk en versorging is beide sake waaraan hierdie kinders groot behoefte het, maar elke opvoeder het ook die roeping om die spesifieke vaardighede en agterstande van alle kinders in die opleidingsentrum vas te stel en so te besluit oor die opleibaarheid van elke kind. Hieruit vloei die noodsaaklikheid voort om vas te stel wat die graad van vertraagdheid van elke Downsindroomkind is. Daar is groot verskille tussen die Downsin= droomkinders onderling, maar die meerderheid leer om te loop, te praat, met 'n mes en vurk aan tafel te eet, om hulself te was en aan te trek, so= siaal aanvaarbaar op te tree, om klein huishoudelike takies te verrig en eenvoudige inkopies te doen.

In hierdie hoofstuk word aangetoon dat daar verskillende kategorieë van vertraagdheid onder kinders met Downsindroom voorkom; daar is bv. dié wat as opvoedbaar geklassifiseer kan word, maar daar is ook dié wat onop= leibaar is.

## 5.2 Verstandelike en geestelike vertraagdheid (I.K. 0 - 80)

Reeds vroeg in die geskiedenis het navorsers bevind dat daar verskillende grade van vertraagdheid is, wat met verskillende terminologië onderskei

---

x) Met "privaatgrondslag" word bedoel private inisiatief deur individue, instansies soos geestesgesondheidsverenigings, ens.

moes word. Die "British Mental Deficiency Act" van 1927 definieer die verskillende subkategorieë in terme van sosiale vaardigheid (Clausen, 1967, p. 734). Idiote word gedefinieer as persone wat in so 'n mate gees=telik vertraag is dat hulle nie in staat is om hulself teen gevare in die normale daaglikse lewe te beskerm nie. Imbesiele is in so 'n mate vertraag dat hulle baie moeilik daarin slaag om hulself te versorg. Hoëgraadse swaksinniges vind baat by die onderrig op die vlak van lae standerds in die primêre skool (Tredgold, 1947, pp. 60 - 62). Hierdie definiëring is egter baie vaag.

In die V.S.A. is daar meer op 'n psigometriese onderskeiding klem gelê, nl. in die sin van groepering volgens syferresultate op toetse. Goddard, aan=gehaal in Clausen (p. 734), sê dat sosiale vaardigheid 'n belangrike krite=rium is, maar dat dit wissel met die graad van intellektuele vermoë. Gunzburg (1973, p. 17) het egter aangetoon dat die geestelik vertraagde se sosiale vaardigheid baie hoër is as wat sy I.K. aantoon. Goddard sluit aan by die klassifikasie van die "American Association for the study of the Feebleminded", waarvolgens Idiote 'n verstandsouderdom van laer as 2 jaar het, Imbesiele tussen 3 en 7 en Morone tussen 7 en 12 jaar. Hierdie ver=standsouderdom is later verwerk tot I.K.-tellings. Omdat I.K. as breë groeperingskriterium in Suid-Afrika gebruik word, word dit in hierdie stu=die saam met ander kriteria as hulpmiddel in kategorisering gebruik (kyk par. 9.2.1) :I.K. 0 - 30: onopleibare geestelik vertraagdes (Idiote); I.K. 30 - 50: opleibare geestelik vertraagdes (Imbesiele); I.K. 50 - 80: verstandelik vertraagdes (Morone). Uit 'n opvoedkundige benadering word die begrippe: Idioot, Imbesiel en Moroon afgekeur omdat daar 'n stigma aan geheg word en hierdie begrippe nie beskrywend is van die kategorie wat deur elk verteenwoordig word nie.

Die I.K.-syfer kan by sentrumtoetrede vir die onderwyser as riglyn dien, maar die bedoeling is nie om 'n absolute kriterium neer te lê nie. Jordan (p. 246) sê: "educational goals cannot be formulated in distinctive ways for the 'totally trainable' or the 'totally educable', since such classes of performance rarely exist in the children. The children show intra-individual differences of wide sort".

Die kind met Downsindroom in die opleidingsentrum kan daarom in sekere vaardighede goed vergelyk met die verstandelik vertraagde, terwyl hy weer in ander vaardighede groot agterstande toon.

5.2.1 <u>Opvoedbare of verstandelik vertraagdes</u> (I.K. 50 - 80)

Volgens Rothstein (p. 163) is die verstandelik vertraagde kind dié een wat nie die pas kan volhou in die normale skoolprogram nie. Hierdie kinders is wel verstandelik vertraag,maar in so 'n mate dat hulle kan baat uit 'n spesiale onderwysprogram wat daarop ingestel is om hulle as ekonomies bruik= bare en sosiaal aangepaste mense in die samelewing te plaas (Hudson, 1955, p. 583).

Connor & Goldberg (1960, p. 658) het in 'n uitgebreide studie in Amerika bevind dat daar 'n groot aantal Downsindroomkinders is wat volgens genoem= de kriteria as opvoedbaar geklassifiseer kan word, maar as gevolg van die fisiese stigmata in die opleidingsentrum geplaas word. 'n Gebrek aan ken= nis is in alle opsigte die rede waarom ouers met kinders in die spesiale skool op die Downsindroomkinders neersien en 'n stigma aan hulle heg. Die kind met Mosaïese Downsindroom,met sy veel minder fisiese stigmata,het daarom 'n veel beter kans om aanvaar te word in die spesiale skool. Die bevindings van verskeie navorsers dat hierdie subtipe 'n hoër intelligen= sie het as die ander twee subtipes, verhoog die waarskynlikheid dat kinders van hierdie groep as opvoedbaar geklassifiseer word. 'n Groot aantal van die fisiese stigmata verdwyn volgens Shipe (p. 789) met toename in ouder= dom by die kind. Die opvoedbare Downsindroomkind is in staat om goed te vorder in die spesiale skool, maar vaardigheid in rekene, motoriese koör= dinasie, spraak en nie-visuele take is op 'n veel laer vlak (kyk hoofstuk 4).

5.2.2 <u>Opleibare geestelik vertraagde</u> (I.K. 30 - 50)

Kirk, aangehaal deur Haring (1967, p. 113), heg die volgende eienskappe aan 'n opleibare geestelik vertraagde kind:-

Die kind moet:
1. binne die grense van skoolgaande ouderdom ressorteer (6 - 18 jaar);
2. ontwikkel teen ongeveer een derde tot die helfte van die tempo van die normale kind (I.K. tussen 30 en 50);
3. nie geskik wees vir klasse van die verstandelik vertraagde nie, maar ook nie algehele versorging nodig het nie;
4. vermoëns tot ontwikkeling van selfsorg (aantrek, eet- en toiletge= woontes) en beskerming teen gevare in die huis, skool en omgewing besit;
5. moontlikhede tot sosiale aanpassing in die huis en gemeenskap toon; en
6. genoegsame vaardighede besit om roetine takies in die huis en omgewing te verrig.

Blodgett (p. 25) noem dieselfde eienskappe as kenmerke van die kind in die opleibare groep. Sy sê verder dat dié kind deur middel van nabootsing en kondisionering geleer kan word om te tel en eenvoudige berekenings te memoriseer, maar nie die vermoë toon om die leerstof op praktiese situasies oor te dra nie.

Heber (1959), aangehaal in Haring (p. 114), het na 'n aanvanklike klassi= fikasie volgens intelligensie en aanpassing die volgende kriteria vir op= leibaarheid neergelê:

a. persoonlik-sosiale faktore, en
b. sensories-motoriese vaardighede, wat motoriese, ouditiewe, visuele en spraakvermoëns insluit.

Oor groeperingskriteria sal in hoofstuk 9 verder besin word.

Wanneer die Downsindroomkind as onopvoedbaar gesertifiseer word, is daar een van twee groeperings waarin hy kan ressorteer,nl. opleibaar of onop= leibaar. Indien hy aan die eienskappe, soos deur Kirk uiteengesit, beant= woord en 'n I.K. tussen 30 en 50 het, is hy deel van die opleibare geeste= lik vertraagde groep. Hudson (p. 586) sê: "he still needs the kind of

education that will make him a dependable, self-respecting citizen". Øster (1967, p. 26) sê dat die moontlikhede tot opleiding van die Downsindroom= kind in 'n prakties gerigte veld baie hoër is as wat sy I.K. aantoon.

Volgens Haring (p. 112) het die voorsiening van dagsentrums vir die oplei= bare geestelik vertraagde in die sestigerjare net so vinnig ontwikkel as die spesiale klasse vir die opvoedbare kinders. Nadat die Departement van Nasionale Opvoeding op 1 April 1975 die verantwoordelikheid vir dagsentrums (opleidingsentrums) in Suid-Afrika oorgeneem het, sal daar na verwagting groter stabiliteit in die organisasie, beheer en ontwikkeling van dagsen= trums intree. In hoofstuk 8 sal die opleidingsgeleenthede vir die oplei= bare geestelik vertraagde Downsindroomkind bespreek word.

### 5.2.3 Onopleibare geestelik vertraagde (I.K. 0 - 30)

Om die presiese intelligensie van hierdie kind te meet, is bykans onmoont= lik, omdat daar in baie gevalle nie kontak met hom gemaak en sy aandag lank genoeg behou kan word nie. Die Downsindroomkind in hierdie groep beant= woord nie aan die kenmerke van die opleibare geestelik vertraagde, soos deur Kirk uiteengesit nie, want by hierdie kind is geen vordering in die aanleer van selfversorging nie. Delp (1953, p. 175) en Hudson (p. 580) sê dit is wenslik dat dié kind in 'n inrigting (tehuis) geplaas word, waar hy versorg kan word.

## 5.3 Samevatting

Na 'n aanvanklike onderskeiding tussen die begrippe verstandelike en gees= telike vertraagdheid in hoofstuk 2, is hierdie kategorie, waarin die I.K. tussen 0 en 80 wissel, eerstens in hierdie hoofstuk bespreek. Vervolgens is die kenmerke van die opvoedbare of verstandelik vertraagdes, met 'n I.K. tussen 50 en 80, uiteengesit. Die eienskappe van die opleibare gees= telik vertraagdes, waarvan die I.K. tussen 30 en 50 is, is verder in hier= die hoofstuk weergegee. In die laaste afdeling van die hoofstuk is die onopleibare geestelik vertraagde kategorie (I.K. tussen 0 en 30) bespreek.

In hoofstuk 6 sal die uitwerking van verskillende vorme van terapie op die Downsindroomkind bespreek word.